**6 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 67 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 67:8**

## Die oes is groot

November is planttyd. In party dele van die land raak dit al laat om te plant, maar in sekere dele kan boere nog die hand aan die ploeg slaan. In Psalm 67 word die aandag gevestig op oestyd. Die aarde het sy opbrings reeds gelewer. God het sy seën gebied. Die boere kan met dank terugkyk. God se seën oor die gesaaides het egter nie sommerso uit die lug geval nie. Die HERE werk deur middel van die boer se arbeid. Dit wat nie gesaai en bewerk is nie, kan nie groei en tot wasdom kom nie. Die HERE seën die harde werk van almal wat Hom dien. Die oes is groot.

In Psalm 67 gaan dit ook oor ’n ander oes. Soos wat die boer sy saad in die grond saai, so moet die saad van die evangelie gesaai word. Dit moet nie net binne die grense van Israel gesaai word nie. Psalm 67 stel die visier wyd. Die mense op aarde moet die weë van die HERE leer ken. Volke wat in die duister van afgodery en onkunde leef, moet die lig van die waarheid leer ken. Hulle moet die enige ware God, die verlossing in Jesus Christus, die kragtige werk van die Heilige Gees leer ken. Dan kan hulle ook bly wees en jubel, net soos die volk Israel. Die priesterseën wat in Jerusalem uitgespreek word (vs 1), moet wêreldwyd grondvat en beleef word.

Uiteindelik moet al die volke saam die Here loof. Op Pinksterdag bereik Psalm 67 ’n hoogtepunt. Mense hoor elkeen in hulle eie taal van die groot dade van God. Vanaf Jerusalem gaan apostels na Judea en Samaria en die uithoeke van die wêreld om die verlossing in Christus te verkondig. Volke leer om God te loof.

Vandag moet daardie kosbare werk voortgaan. Daar kom dae wat ’n mens wil moedeloos raak oor die werk. Die oes is groot en die arbeiders is min. Aan die begin van die seisoen, as die boer sy saad in die grond sit, sien hy nog nie hoe die seisoen gaan verloop nie. Maar hy leef wel in afwagting van die oes. So moet ons as gelowiges aanhou saai en natmaak. God, onse God, sál seën, God sál ons seën en al die eindes van die aarde sál Hom vrees. Doen jy maar net jou werk.

*Sing: Psalm 67:1 (1936)*

*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*